Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 42: *Mattot* (מטות) – Stamme

Moshe het met die hoofde van die stamme van die kinders van Yisra'el gepraat en gesê: "Hierdie is dit wat יהוה *beveel het".* Num. 30:1 – PWL[1]

Torah : Num. 30:1 tot 32:42

- **Num. 30:1** – Torah Gehoorsame Leiers.
- **Num. 30: 1 tot 16 –** Geloftes En Eedswering Aan YHWH En Aan Mekaar**.**
- **Num. 31:1 tot 12 –** Die Oorlog Teen Midian – Wraak Teen Bileam.

Haftorah: Jer. 1:1 tot 2:3 – Waar Is Die Ware Profete?

Hernieude Verbond: Matt. 5:33 tot 37; Hand. 5:1 tot 11; Gal. 5:19 tot 23; Kol. 3:5 tot 8.

If it is in the Bible, it is so. It's not even to be prayed about. It's to be received and acted upon. Inactivity is a robber which steals blessings. Increase comes by action, by using what we have and know. Your life must be one of going on from faith to faith – Smith Wiggelsworth

Before a man can bind the enemy, he must know there is nothing binding him – Smith Wiggelsworth

In the end, we will remember not the words of our enemies, but the silence of our friends – Martin Luther King Jr.

Though he had so much work to do with others, yet Yeshua chose sometimes to be alone, to set us an example – Matthew Henry

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Midrash (Torah Bespreking)

Num. 30:1 – Torah Gehoorsame Leiers

Moshe het met die hoofde van die stamme van die kinders van Yisra'el gepraat en gesê...
Num. 30:1

Die naam van hierdie parashah, naamlik *mattot*, verwys na die hoofde van die twaalf stamme as die gesagsowerhede wat oor Israel aangestel is. Daarom is die betekenis van *mattot* ook 'n *staf,* verwysend na gesag (outoriteit), asook as 'n *tugroede* of *meetroede*. Moses het dus met die aangestelde gesagsowerhede van Israel gepraat en aan hulle die laaste onderrig gegee voor Israel die Beloofde Land in besit sou neem. Hierdie stamhoofde moes dien as voorbeeld van Torah-gehoorsaamheid.

Authority does not make you a leader. It gives you the opportunity to be one..!

In hierdie voorlaaste parashah van Numeri is die Josua-generasie op die punt om oor die Jordaan te trek en die Beloofde Land, Kanaän, in besit te neem. Hierdie is geen maklike taak nie, want Kanaän word bewoon deur ses heidense volke wat oorwin sal moet word (Ex. 34:11 tot 16) en verder sal Israel getoets (beproef) word om te sien of hulle uit die foute van hulle ouers geleer het. Het hulle van die slawementaliteit ontslae geraak? Is Egipte uit hulle uit? Het hulle geleer om YHVH in alles gehoorsaam te wees en in alles te vertrou? Is hulle gereed om die belofte wat YHVH aan hulle vader Abraham gemaak het (Gen. 15:7 en 18 tot 21) in besit te neem?

Moses is besig met die laaste onderrig van Israel voordat die naelstring geknip word en hulle as YHVH se volk selfstandig sal moet funksioneer. Die naelstring van bonatuurlike voorsiening en van die wolk van YHVH se heerlikheid gaan binnekort 'geknip' word. Israel se swerftog in die wildernis is bykans op 'n einde, maar is hulle gereed om 'n Torah-gehoorsame gemeenskap in Kanaän te vestig? Sal Israel selfstandig, maar in afhanklike vertroue op YHVH, 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie in Kanaän kan wees? Dit gaan geen maklike taak wees nie, want eerstens moet die vyande van die Beloofde Land oorwin word! Daar gaan geen 'verwelkomingskomitee' hulle in Kanaän ontmoet nie. Nee, die tyd van 'n daaglikse lewe van vertroue tot vertroue is op hande (Rom. 1:17)! Gaan Israel se stamhoofde die voorbeeld stel?

In vele opsigte kan ons met die Josua-generasie identifiseer, want ons is ook elke dag op 'n reis na ons geestelike Beloofde Land, asook om YHVH se Koninkryk in besit te neem en uit te brei volgens die opdrag van Yeshua ons Messias in Matt. 28:18 tot 20 (PWL):

Yeshua het nadergekom en met hulle gepraat en vir hulle gesê: "Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Dit is waar."

Weereens het ons via die jaarlikse Torahsiklus vanaf Genesis tot die hede as te ware saam met ons voorvaders en Israel gewandel. Is ons gereed om ons roeping as YHVH se koninklike priesterdom in gehoorsaamheid en vertroue uit te voer? Sal ons die 'Beloofde Land' in besit kan neem sonder om dieselfde foute as Israel van ouds te maak?

Bepeins of Bespreek

1. Ons bestudeer Torah met die doel om te leer uit Israel se foute en om nie ook dieselfde foute te begaan nie (Jes. 46:9 en 10; 1 Kor. 10:1 tot 13). Dit is om dit wat ons geleer het toe te pas in ons alledaagse geloofslewe en met die wete dat dit wat met Israel gebeur het ‘n sinnebeeld js van wat herhaal gaan word. Dit is om onsself met Israel van ouds te vergelyk in terme van gehoorsaamheid en vertroue in YHVH. Daarom is die volgende vrae ook op ons van toepassing:

    1.1. Hoe ver het ons op die pad van afsondering (heiligmaking) gevorder? (1 Pet. 1:13 tot 16).

    1.2. Voldoen ons aan YHVH se standaard (vereistes) van ‘n koninklike priesterdom? (1 Pet. 2:9 en 10).

    1.3. Is ons beproefde (getoetste) medewerkers in YHVH se Koninkryk? (2 Tim. 2:15).

    1.4. Is ons volkome (volledig) toegerus vir ons taak? (2 Tim. 3:16 en 17)

    1.5. Is ons daders van die Woord? (Jak. 1:22 tot 25)

    1.6. Bevestig ons werke ons geloof? (Jak. 2:14 tot 26).

Num. 30:1 tot 16 – Geloftes En Eedswering Aan YHWH En Aan Mekaar.

Wanneer iemand aan יהוה *‘n gelofte doen of ‘n eed sweer waardeur hy homself tot iets verbind, moet hy sy woord nie breek nie; hy moet alles doen wat uit sy mond uitgaan.* Num 30:2 – PWL.

‘n Vereenvoudige verduideliking van die verskil tussen ‘n gelofte en ‘n eedswering is die volgende:

- ‘n Gelofte (Hebreeus: *nader*) is ‘n vrywillige belofte (gewoonlik aan YHVH) waarvolgens nougeset gehandel moet word, want dit is bindend en vergelykbaar met ‘n skuldbrief (‘n verpligting, ‘n verband, ‘n obligasie, ‘n pandbrief).

- ‘n Eedswering (Hebreeus: *shavah*) is ‘n gelofte (belofte) wat gemaak word in die teenwoordigheid van die hoogtse gesag wat as getuie teenwoordig is. Dit is ‘n verklaring van die waarheid, naamlik van dit wat was, dit wat is en van dit wat sal wees. Die Hebreeus *shavah* is afgelei van *shevah* wat sewe beteken en dus na die volmaakte verwys. Eedswering is dus gelykstaande aan ‘n gelofte wat jy sewe keer maak!!

‘n Gelofte kan positief of negatief wees:

- Dit is positief wanneer jy onderneem om sekere dinge te doen, of wanneer jy sekere offerandes na YHVH bring, in die verwagting dat jy ‘inruil’ daarvoor deur YHVH ‘vergoed’ sal word – ‘n gelofte van toewyding (*nader*). Verwys Gen. 28:20 tot 22; Lev. 27:2 en 8; Rigters 11:30; 1 Sam. 1:11; 2 Sam. 15:8; Jona 1:16.

- ❖ Dit is negatief (Hebreeus: *asar*) wanneer jy onderneem om jouself van sekere dinge wat toelaatbaar is te weerhou (Num. 30:3 – ‘n gelofte van onthouding of weerhouding) of as dit ‘n gelofte van verwoesting (ondergang, vernietiging, wraak, *cherem*) is.

Torah leer dat ‘n persoon wat ‘n gelofte doen of ‘n eed sweer gebind is om streng daarvolgens te handel. Volgens Torah is ons egter nie verplig om ‘n gelofte te doen of ‘n ‘n eed te sweer nie, maar wanneer ons dit wel doen, is ons wetlik en moreel verplig om daarvolgens te handel. Daarom lees ons byvoorbeeld in Deut. 23:21 tot 23 die volgende:

Wanneer jy aan יהוה, jou God, ’n gelofte doen, moet jy nie uitstel om dit te betaal nie, want dit sal sonde in jou wees en יהוה, jou God, sal dit sekerlik van jou vereis; daarenteen, as jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie. Jy moet versigtig wees om te doen wat oor jou lippe gaan, net soos jy aan יהוה, jou God, vrywillig oorgegee het, wat jy beloof het.

Verwys ook na Rigters 11:35; Pred. 5:4; Ps. 22:25; Ps. 66:13; Ps. 76:11 en Ps. 116:18 in die verband.

Volgens Deut. 23:23 blyk dit dus dat ‘n gelofte en eedswering alleenlik van krag is indien jy dit sê – dit oor jou lippe gaan.

Niks wat deur YHVH as afgesonder (heilig) verklaar is, mag as gelofte gebring word nie, byvoorbeeld eerstelinge en die tiende (Lev. 27:26; Lev. 27:28; Lev. 27:30), want dit behoort reeds aan YHVH. Enersyds mag niks wat ‘n gruwel in YHVH se oë is as gelofte gebring word nie (Deut. 23:18), asook nie dit wat minderwaardig is nie (Mal. 1:14).

Die slotsom is: Elke mens is gebind deur die woorde van sy mond en sal moet rekenskap gee van elke woord!! Vader-God het ook reëls neergelê vir die bring van geloftes en vir eedswering. Geloftes en eedswering kan dus vir die mens ‘n strik wees.

Want soos die droom kom deur baie drukte, so die gepraat van die dwaas deur baie woorde. As jy ‘n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe. Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie. Prediker 5:2 tot 4.

Ons sal aanspreeklik gehou word vir ons geloftes en eedsweringe, net soos wat ons elkeen aanspreeklik gehou sal word vir Torah-gehoorsaamheid.

Ons almal het genesing van die tong nodig!! Hierdie is ‘n studie op sy eie, maar kan soos volg opgesom word: Ons woorde is die keuse tussen lewe of dood soos die volgende teksverse ondermeer bevestig:

By veelheid van woorde ontbreek die oortreding nie; maar hy wat sy lippe inhou, handel verstandig. Die tong van die regverdige is uitgesoekte silwer; die hart van die goddelose is min werd. Die lippe van die regverdige help baie mense reg; maar die dwase sterf deur gebrek aan verstand. Spr. 10:19 tot 21.

Van die vrug van iemand se mond word sy maag versadig; hy word versadig van die opbrings van sy lippe. Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet. Spr. 18:20 en 21.

YHVH het egter voorsiening gemaak dat die man (eggenoot) en vader die vetoreg (*kanselleringsreg*) het oor ‘n gelofte en eedswering wat sy vrou of dogter maak. Indien hy nie sy vetoreg gebruik – nadat hy die gelofte gehoor het nie – en hy dit dan later duidelik tot niet maak omrede sy vrou (dogter) nie daarvolgens gehandel het nie, dan dra hy haar ongeregtigheid (Num. 30:14 en 15).

Die feit dat die man (eggenoot) en die vader die gesag het om ‘n gelofte en eedswering van sy vrou of dogter te veto (te kanselleer), is nie bewys van die man se gesag oor sy vrou of dogter nie, maar is gegee om die vrou en dogter te beskerm!!

Hierdie is ook bevestiging van die orde wat Vader-God in ‘n huishouding vereis. Die man (vader) is aangestel as hoof van die huishouding en moet te alle tye volgens Torah-beginsels sy huishouding namens Vader-God versorg, naamlik onderrig, voorsien en beskerm.

YHVH se onderrig oor geloftes en eedswering gee vir ons insae in die hoedanighede van Vader-God. Indien YHVH ons opdrag gee om te handel volgens ons geloftes en eedswerings, dan beteken dit dat Hy ook getrou sal wees aan al Sy Woorde. Dit wat YHVH gespreek het staan vir ewig vas en hy is wakker oor Sy Woord om dit te volbring (Jer. 1:12). Anders as by die mens is YHVH en Sy Woord een en dus onlosmaakbaar van mekaar. YHVH se Woord kan nooit los van Hom staan of anders wees as wat Hy is nie. YHVH is nie ‘n mens dat Hy sal lieg nie (Num. 23:19) – dit wat Hy spreek sal Hy waar maak!! By die Vader van Lig is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak. 1:17).

In Num. 30:4, 7 en 14 leer ons dat stilswye gelykstaande is aan goedkeuring (eenstemmigheid). Verwysend na Pinehas se optrede volgens Num. 25:6 tot 9 kan ons dan wel die vraag vra: Hoekom het die aangestelde leiers van Israel nie opgetree nie? Het daar by hulle die ywer vir YHVH ontbreek?

Die betekenis van Num. 30:4, 7 en 14 en dus van stilswye word ook soos volg deur Rabbi Ovadiah Sforno (1475-1550) verduidelik:

> *When a person has the ability to protest and remains silent, his silence is similar to verbal consent. When you do not say something to disagree, it is as if you agree with what was said or done. Very often, someone might say something in your presence that is improper and you feel that you cannot really influence the person to change his mind or to stop what he is saying. Should you speak up or remain silent?*
>
> *Whenever your silence can be understood by others as agreement with what was said, you have an obligation to speak the truth. This way no one will mistakenly think that you agree with what was said.*
>
> *Moreover, you can never tell; perhaps you will be successful in influencing others to make positive changes. A person who is not very assertive might find this difficult. However, learn from the person who says things that should not be said. If he is able to say something that he shouldn't, you certainly have a right to say those things that should be said. If he is not afraid to say something improper, you should have the courage to speak up out of idealism!*

Yeshua het die misbruik van geloftes wat teenstrydig met Torah is veroordeel toe Hy gesê het:

Want God het opdrag gegee en gesê: 'Eer jou vader en jou moeder[1] *en hy wat sleg praat van vader of moeder, moet die dood sterf, maar julle sê: 'Elkeen wat aan vader of moeder sê: 'dit wat u van my as voordeel kon kry, het ek as 'n offer gegee,' eer so nie sy vader of moeder nie. Julle kanselleer die wette van God deur julle tradisionele wette.* Matt. 15:4 tot 6 – PWL.

'n Gelofte van 'n offergawe onthef die mens nie van die voorskrifte van Torah nie! Maar erstens moet ons aan YHVH se Torah gehoorsaam wees. Ons geloftes en eedsweringe moet aanvullend tot Torah wees en nie teenstrydig met YHVH se voorskrifte nie!!

Yeshua het ook Sy volgelinge die volgende geleer:

Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: 'Jy moenie jou eed verbreek nie,' en, 'jy moet jou beloftes aan יהוה hou,' maar Ek sê vir julle: 'Lê hoegenaamd nie 'n eed af "by die hemel" nie omdat dit die troon van God is; ook nie "by die aarde" nie omdat dit Sy voetstoel is; ook nie "by Yerushalayim" nie omdat dit die stad van die groot Koning is[9] *en moet ook nie by jou kop 'n eed aflê nie omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie. Laat slegs julle 'Ja' 'n eenvoudige 'Ja' wees en julle 'Nee' eenvoudig 'Nee'. Enige iets meer as dit het sy oorsprong in die Bose een.'* Matt. 5:33 tot 36 – PWL.

Onthou Num. 23:19, want dit is wat ons strewe ook moet wees!!

Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie? (PWL).

Bepeins of bespreek

1. Wat van die gelofte wat ons voorouers op 16 Desember 1838 gemaak het? Is ons as nasate daardeur gebind?

2. Is 'n persoon wat nie handel volgens 'n gelofte of eedswering wat hy/sy gemaak het 'n leuenaar? Lees Open. 21:8 en 22:15. Is al die woorde van ons mond nie inderwaarheid 'n gelofte of eedswerinmg nie?

3. Lees Hand. 5:1 tot 11. Wat was die sonde van Ananias en Saffira? Verbreking van 'n gelofte?

4. Matt. 12:36 sê dat ons rekenskap van elke ydele woord sal moet gee. Wat is ydele woorde?

5. Is wedergeboorte nie ook 'n gelofte (eedswering) van vertroue (geloof) en gehoorsaamheid aan Vader-God se onderrig en instruksies nie?

Num. 31:1 tot 12 – Die Oorlog Teen Midian – Wraak Teen Bileam.

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: "Neem wraak vir die kinders van Yisra'el op die Midyanim; daarna sal jy na jou volksgenote toe weggevat word." Moshe het met die volk gepraat en gesê: "Bewapen sommige vanuit julle vir oorlog en laat hulle teen Midyan optrek om die wraak van יהוה op Midyan uit te oefen. Num. 31:1 en 2 – PWL.

Ons het reeds in die vorige parashah geleer dat die Midianiete simbolies is van immorele (onsedelike) genietinge wat uiteindelik die hele gemeenskap en samelewing sal besoedel en

verlei indien dit nie uitgeroei word nie. Daarom het YHVH vir Israel beveel om die Midianiete as hul vyand te beskou en hulle te verslaan, *want hulle het julle as vyand behandel deur hulle liste wat hulle teen julle bedink het....* (Num. 25:17 en 18; Num. 31:2 en 7). Die wraak op die Midianiete was dus nie om grondgebied te verower nie, maar was terwille van die morele en sedelike behoud van Israel.

Almal in ‘n gemeenskap en volk sal uiteindelik onder die nadelige gevolge van afgodery en immoraliteit ly, want dit word as korporatiewe sonde gereken. Korporatiewe sonde is wanneer jy skuldig is hoewel jy nie ‘n bepaalde sonde doen nie, maar deel is van ‘n groep wat ooglopend ‘n sonde doen, maar nie bereid is om vergifnis te vra nie. Daarom is dit nodig om die gees van Midian met wortel en tak uit te roei!

Maak daarom die aardse dele van julle liggaam, naamlik seksuele oortredings, onreinheid, siektes, bose begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, dood, want as gevolg van hierdie dinge kom die woede van God oor Sy ongehoorsame kinders, waarin julle ook vroeër geleef het toe julle vasgevang was daarin, maar nou moet julle al hierdie dinge afgooi: kwaadword, woede, boosheid, kwaadpraat en vuil taal. Kol. 3:5 tot 8

Van elke stam moes daar ‘n 1000 krygsmanne (12 000 in totaal) opgeroep word vir die oorlog teen Midian. Die betekenis hiervan is dat elkeen in ‘n groep of gemeenskap ewe veel verantwoordelikheid het om afgoderye en immoralitiet te beveg.

Num. 31:7 en 17 is bevestiging van korporatiewe sonde en die gevolge daarvan:

Hulle het oorlog gemaak teen Midyan, net soos יהוה *Moshe beveel het en al die mans doodgemaak.*

Maak daarom nou almal dood wat van die manlike geslag is onder die kinders en maak elke vrou dood wat ‘n man geken het deur by hom te lê,

Hier word ons gekonfronteer met die vraag of elke Midianiet direk verantwoordelik gehou kon word vir Israel se verval in afgodery en seksuele immoralitiet? In alle waarskynlik nie, en tog het almal gesneuwel behalwe die vroue wat nie met ‘n man gemeenskap gehad het nie. Ons het ‘n soortgelyke situasie sien gebeur met Korag, Datan en Abiram waar hulle en hulle huishoudings deur die aarde ingesluk was (Num. 16:31 tot 33).

Dit blyk dus dat selfs diegene wat nie direk betrokke, of verantwoordelik, is vir ‘n bepaalde sonde nie, maar wat kontak (verbintenis) handhaaf met die sondaars ook onder YHVH se oordeel kan kom, want ‘n klein bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur (1 Kor. 5:6 en 15:33; Gal. 5:9). Indien dit nie waar is nie, dan moet ons vra hoekom het YHVH dan vir Israel opdrag gegee om weg te kom rondom die woning van Korag, Datan en Abiram (Num. 16:23 tot 27) en hoekom het Vader-God ons opdrag gegee om uit ‘Babilon’ uit te kom (Jer. 51:45; 2 Kor. 6:16 tot 18 en 11:2 tot 5)?

In die verband is dit belangrik om die volgende te onthou en te verstaan: Ons het geleer dat elkeen wat met die dood (met ‘n afgestorwene) in aanraking kom onrein is (Num. 19:11 tot 14). Beteken dit dan nie ook dat elkeen wat in aanraking kom met een wat geestelike dood is, ook geestelik onrein word nie??

Volgens Num. 31:49 het nie een van die 12 000 krygsmanne gesterf nie! Hieruit kan ons die volgende leer:

- ❖ In die stryd om die hedendaagse Medianiete, naamlik afgodery en sedeloosheid, uit te wis is getalle nie so belangrik nie. Verwys die belofte in Lev. 26:8; Deut. 32:30 en Jos. 23:10.

- ❖ Indien ons die stryd teen die bose (geetelike oorlog) voer as geregverdigdes in Yeshua (Torah-gehoorsaam) en dus volgens Vader-God se wil en plan, sal ons as ongeskonde oorwinnaars uit die stryd tree. Verwys Mark. 16:17 en 18; Luk. 9:1 en 10:19; Rom 8:31 en 37; 1 John 4:4.

- ❖ Ons behaal nie die oorwinning vanuit ons gemakstoele nie! Trek die wapenrusting (Ef. 6:10 tot 20 – die priesterlike uitrusting aan) en gaan na die oorlogsfront. YHVH Yeshua sal jou aanvoerder wees! Onthou die ywer van Pinehas (Parashah 41).

- ❖ Die oorlog teen die Midianiete was deur YHVH self gewen, maar Hy het krygsmanne nodig gehad wat se geloof (vertroue) met die werke van geloof gepaard gegaan het (Jak. 2:14 tot 26, veral verse 17 en 26). *Dit is nie deur krag of deur geweld, maar deur My Gees, sê YHVH van die leërskare* (Sag. 4:7)!

Bepeins of Bespreek

1. Die gees van Midian (immoraliteit en onsedelikheid) is deesdae ‘n baie grysarea. Die vraag is egter: Wat is Torah se definisie van afgodery en onsedelikheid en hoe vergelyk dit met dit waaraan ons deesdae in die media blootgestel word? Kan ons regtig die invloed van die media op die ‘bevordering’ van afgodery en die samelewing se moraliteit bepaal?

2. Het ons nie steeds dieselfde opdrag as Moses nie, naamlik om wraak te neem op die Midianiete? Lees 2 Kor. 10:3 tot 6. Is jy deel van Vader-God se weermag wat die ‘Medianiete’ van ons samelewing se vestings neer werp, hulle planne wat gemaak word en skanse wat opgerig word verbreek, terwyl jy elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan Yeshua – die Lewende Woord (Torah) wat vlees geword het?

3. Wat kan ons doen om afgodery en immoraliteit uit te roei? Het ons nie al reeds die stryd verloor nie? Onthou: Aanval is die beste verdediging!! *All it takes for evil to triumph is for good men to do nothing!!*

4. Het geestelike oorlogvoering enige waarde indien ons Torah-ongehoorsaam leef? Lees 2 Kron. 7:13 tot 15 saam met Spr. 28:9 – wat is die gevolgtrekking wat ons hieruit kan maak?

5. Heiligmaking is eerstens om jouself geestelik van die wêreld se dinge af te sonder – ‘n doelgerigte skeiding. Gaan daar nie dan ‘n tyd kom wat ons onsself ook fisies sal moet afsonder nie? Lees Open. 18:4 – hoe gaan ons (die Bruid) weet wanneer om dit te doen en waarheen om te gaan. Is dit nie die Goeie Herder wat sy skape uit ‘Babilon’ lei nie (Joh. 10:1 tot 5)? Ons weet dat die oordeel by die ‘kerk’ (YHVH se huis, gemeente) sal begin (1 Pet. 4:17) en daarom is die vraag: Wanneer moet ons onsself verwyder van die ‘kerk’ om nie deel van YHVH se oordeel te wees nie?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jer. 1:1 tot 2:3 – Waar Is Die Ware Profete?

Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig (afgesonder); Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak. Jer. 1:5

Jeremia is deur YHVH as profeet geroep om Juda te waarsku van God se oordeel indien hulle nie met berou terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid nie. Hy het opdrag gehad om hierdie waarskuwing tot alle vlakke van die samelewing te rig (Jer. 1:18). Jeremia het homself nie as geskik vir die taak beskou nie, maar YHVH het hom geantwoord: *Moenie sê: Ek is jonk nie; want na wie Ek jou ook al stuur, moet jy gaan; en wat Ek jou ook al beveel, moet jy spreek. Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red, spreek YHVH* (Jer. 1:7 en 8). Let ook op die belofte van YHVH aan Jeremia in verse 17 tot 19.

Nou, bind jou heupe vas, staan op en sê vir hulle alles wat Ek jou beveel. Moenie bang wees vir hulle nie, of Ek sal jou voor hulle neerwerp. Let nou op, Ek het jou vandag soos 'n versterkte stad, 'n yster pilaar en koper mure teen die hele land gemaak, teen die konings van Y'hudah, teen sy prinse, teen sy priesters en teen die mense van die land. Hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorwin nie, want Ek is by jou om jou te bevry," verklaar יהוה (PWL)

Gaan YHVH weer in hierdie dae ware profete soos 'n Jeremia oprig met 'n brandende vuur in hart en gebeente (Jer. 20:9) en wie se woorde soos 'n hamer die hardkoppigheid van Juda sal verpletter (Jer. 23:29)? Yeshua het ons teen die valse profete gewaarsku wat in die einde van dae sal kom om, indien moontlik, selfs die uitverkorenes te mislei (Matt. 24:11 en 24). In die lig hiervan sal YHVH wel weer ware profete oprig wat in die laaste dae soos 'n Jeremia die volk van YHVH sal waarsku dat Hy hulle sal oordeel indien hulle nie terugkeer tot 'n leefwyse van Torah-gehoorsaamheid nie.

Dit is egter 'n algemene lering van die kerk dat daar op grond van die genade-dispensasie weggedoen is met die bediening van die Jeremia-tipe profete. Daarom word gelowiges geleer dat die taak van die hedendaagse profeet slegs een van `n stigting (troos, bemoediging) en tot geestelike groei van die gemeente is. Hierdie siening word hoofsaaklik op 1 Kor. 14:3 geskoei. Verder word geredeneer dat daar van geen *draai-of-braai* tipe profeet in die hernieude verbond gelees word nie. Enige Jeremia-tipe profeet is daarom nie welkom in die gemeente (kerk) nie en word meestal as iemand beskou wat verdeeldheid saai en die harmonie versteur!

Verwys in die verband na die artikel *Die Soeker-sensitiewe Kerk* wat afgelaai kan word by: *http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/08/GB10.Aug12SoekerSensitieweKerk1.pdf*

Wat die profetiese bediening aan betref moet ons die woorde van Yeshua soos in Matt. 10:34 tot 39 onthou toe Hy gesê het dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar die swaard en verdeeldheid. Yeshua het dit gesê omrede Hy geweet het dat die waarheid van Torah die mense aanstoot sal gee. Lees Ef. 6:17 en Heb. 4:12 tot 13 ook in die verband.

Dit het tyd geword dat daar weer ernstig oor die bediening van 'n ware profeet besin moet word! 'n Baie kort en eenvoudige definisie van 'n profeet is iemand wat woorde volgens

Torah spreek. Hy tree op as woordvoerder (spreekbuis) van YHVH en word deur die Afgesonderde Gees geïnspireer. Dit was die bediening van die profete van ouds.

Indien ons glo dat YHVH gister, vandag en tot in ewigheid onveranderbaar is, dan het ons tog sekerlik nie rede om te glo dat die bediening van die profeet van die ou en die hernieude verbond enigsins sal verskil nie!!

Die gawes van die Afgesonderde Gees was deel van die Apostels se bediening. Die bediening van die Apostels was nie net die van ‘n leraar nie, maar ook die van ‘n profeet. Hulle het nie net gelowiges aangemoedig en bemoedig nie, maar ook die mense gewaarsku, getugtig en YHVH se komende oordeel geprofeteer? Hulle boodskap was nie net ‘n streling van die gehoor nie! Lees 2 Pet. 2; Judas; 2 Thess. 2; 1 Tim. 4:1 en 2; 2 Tim. 3:1 tot 9; 4:1 tot 4; Jak. 4:1 tot 4; 5:1 tot 6; 1 Joh. 2:18; 4:1 tot 3. Die hele boek van Openbaring is ‘n profetiese waarskuwing!!

Terug na ons vraag: Gaan YHVH weer in hierdie dae ware profete soos ‘n Jeremia oprig. Maleagi profeteer dat dit wel sal gebeur. In Mal. 4:1 tot 6 lees ons van ‘n eindtydgenerasie wat terug sal keer na Torah en van die gees van Elia wat die harte van die vaders (ons voorvaders Abraham, Isak en Jakob) terug sal bring tot die kinders en die harte van die kinders tot hul vaders voor die vreeslik dag van YHVH aanbreek (Mal, 4:4 tot 6).

Jeremia het ook hierna verwys: *‘n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van YHVH; maak gelyk in die wildernis ‘n grootpad vir onse God!* Jes. 40:4.

Johannes die Doper het in die gees van Elia gekom, maar dit was nog nie die vervulling van Maleagi se profesie nie, want die vreeslike dag van YHVH het nog nie aangebreek nie. Daar sal nog ander in die gees van Elia aan die einde van die dae kom. Soos Johannes die Doper die weg voorberei het vir die eerste koms van Yeshua so sal daar die wees wat in die gees van Elia die weg sal voorberei vir die wederkoms!

Ons beleef reeds die verskyning van die skildwagte wat die shofar blaas om gelowiges te waarsku dat die tyd aangebreek het om terug te keer na die ou paaie waar die goeie weg is om daarin te wandel.

So sê יהוה: “Staan langs die pad en kyk en vra na die ou paaie, waar die goeie pad is en loop daarin en julle sal rus vind vir julle lewe, maar hulle het gesê: ‘Ons sal nie daarin loop nie.’ Ek het ook wagte oor julle aangestel en gesê: ‘Luister na die geluid van die ramshoring!’ Hulle het egter geantwoord: ‘Ons sal nie luister nie. Luister en hoor daarom, o nasies en weet, o vergadering, wat onder hulle is, luister en hoor, aarde: ‘Let op, Ek bring ’n ramp oor hierdie volk, die vrug van hulle planne, want hulle het nie na My woorde geluister nie en My wet, dié het hulle ook verwerp. Jer. 6:16 tot 19 – PWL.

Mag elkeen wat ‘n oor het hoor wat YHVH-God in hierdie laaste van dae spreek!!

Bepeins of bespreek

1. Bileam was ‘n vals profeet wat ook met die swaard gedood was (Lev. 31:8). Hy het vir finansiële gewin hom teen YHVH verset. Is daar vandag die Bileams in die kerk wat slegs woorde spreek wat die gehoor streel vir finansiële gewin? Sal ‘n profeet soos Jeremia welkom wees in die kerk?

2. Hoe kan ons onderskei tussen ‘n ware en vals profeet? Lees Deut. 18:20 tot 22 en Matt. 7:15 tot 20. Onthou die volgende:

   Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. 1 Joh. 4:1

3. Kan ‘n ware profeet uit die vlees vals profeteer en as hy later berou het oor sy fout vergifnis ontvang? Lees 2 Sam. 7:1 tot 17.

4. Het jy en ek nie die ook die bediening van ‘n profeet nie? Word ons aangevuur deur dieselfde Gees wat Jeremia, Elia en Johannes die Doper gevul het? Is jy deur Vader-God as profeet geroep om die huis van Efraim te waarsku van God se oordeel indien hulle nie met berou terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid nie? Het jy en ek opdrag om hierdie waarskuwing tot alle vlakke van die samelewing te rig (Jer. 1:18) ?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.